U3A STILBAAI

Nuusbrief Nr. 14

Augustus 2016

www.u3astilbaai.org
info@u3astilbaai.org

MAANDELIKSE ALGEMENE VERGADERING

Maandag 29 Augustus 2016, 09h00 vir 09h30.
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes.

SIRIË ONDER ROME EN GEDURENDE DIE KRUISTOGTE.

Roberto Anastagi.

Roberto se enigste woning vir 17 jaar was 'n "motor home" waarin hy van Italië gereis het deur Turkye, Iran, Pakistan en Indië. Hy het deur vier kontinente gereis: Asië, Afrika en albei Amerika's. Sy praatjies en skuifie-vertonings is legendaries.

In hierdie praatjie beskryf hy die baie interessante Siriëse geskiedenis van 10 000BC tot 2011 toe die siviele oorlog begin het, die praatjie word met 69 skuifies illustreer. Hy sal ook praat oor die realiteite in Sirië tydens die vyf jaar van siviele oorlog.

Gaste en nie-lede is welkom by die praatjie, toegang is gratis.

STIGTINGS-VERGADERING

Die Stigtings-vergadering van U3A Stilbaai op 25 Julie het ons grondwet en die finansiële state van die vorige jaar goedgekeur. Die vergadering het ook 'n uitvoerende komitee verkies; en op die eerste vergadering van hierdie komitee is die ampsbekleders verkies.

Die lede van die Uitvoerende Komitee is:
Voorsitter en Tesourier: Niel van Wyk;
Ondervoorsitter: Hella Döckel;
Sekretaris: Carol Malan;
Kursus ko-ordineerder: Stefan Pretorius;
Lidmaatskap: Brian Tennett & Cheryl Worth.

Stefan, Hella, Brian, Cheryl.
Niel, Carol

BELANGRIKE KENNISGEWING

Lede moet asseblief hul ledegeld vir 2016/17 (R30 vir die jaar wat op 30 Junie 2017 eindig) voor of op 30 September 2016 betaal. Ons neem aan dat lede wat nog nie teen daardie datum betaal het nie, hul lidmaatskap wil kanselleer.

U kan by die Algemene Vergaderings op 29 Augustus of 26 September betaal. U kan ook direk in ons bankrekening inbetaal: ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 93 2178 2429; Kode: 632005. Plaas asseblief u naam as verwysing, betalings wat sonder u naam deurkom word as donasies aanvaar. Ons adviseer ook dat u onmiddelik na betaling 'n epos stuur aan *bank@u3astilbaai.org* om betaling te bevestig.

DIT EN DAT …

Algemene Vergadering op 25 Julie.

Belinda Gordon het die gehoor se belangstelling behou met haar praatjie oor die beleg van Colesberg en die militêre aksies in die omgewing tussen November 1899 en Maart 1900. Daar is min in die geskiedenis van hierdie aksies en die beleg, en almal was verbaas oor die omvang daarvan. Ons dank aan Phil Scheffer vir die klank-sisteem.

Jagersbosch Fonds.

Ons betaal nie vir Jagersbosch vir die gebruik van Die Waenhuis of hul dataprojektor vir ons maandelikse vergaderings nie. Ons besef hulle het altyd 'n tekort aan fondse, en na bespreking met bestuurder Petra Daneel, is besluit om 'n behoorlike aftrek muur projeksie-skerm vir Die Waenhuis te skenk, en daarna sal ons 'n moderne data-projektor aankoop. Hul data-projektor is seker byna 20 jaar oud, en werk ongelukkig nie met alle rekenaars nie. Vir hierdie doel het ons 'n **Jagersbosch Fonds** geskep.

Ons sal begin fondse insamel met die uitloting van 'n bottle wyn by ons Augustus Algemene Vergadering. As enige lid graag 'n donasie wil maak vir hierdie verdienstelike saak, kan u 'n betaling maak in ons bankrekening [ABSA Sake Spaarrekening:– Naam: U3A Stilbaai; Nr.: 93 2178 2429; Kode: 632005], vul asseblief "Jagersbosch Fonds" in as die verwysing.

U3A STILBAAI KURSUSSE

Kursusse is net vir lede. Die volgende kursusse is reeds óf aan die gang óf in beplanning:

- **Beginner's Kuns** : Teken of verf in medium van u keuse – vergader die eerste Donderdag van elke maand. Kontak Julie op *wilson.julie222@gmail.com*.
- **Natuurwetenskap kursusse** : Lede wat graag hul besondere belangstellings wil deel, kontak Stefan op *info@u3astilbaai.org.*
- **Stapgroepe** : Die groep stap elke Vrydag oggend, kontak Cheryl op *cheryl@kmintsa.co.za*.
- **Leunstoel Reise** : Kontak Brian op *info@u3astilbaai.org* vir datums en tye.
- **Voëlkyk vir Beginners :** Die volgende kursus sal in 2017 wees – dit sal in Afrikaans wees.
- **Stilbaai Historiese Huise Toer** : Hella Döckel sal weer haar populêre toer van sommige van Stilbaai se historiese huise aanbied. Die eerste een word beplan vir die eerste week van September, die volgende een sal in die tweede week van November wees. Getalle vir die toer is beperk – kontak asseblief Hella op *dockel@vodamail.co.za* om 'n plek te bespreek. Die dag en tyd van die toer sal later afhangende van die weervoorspelling bevestig word.
- **Kookkuns vir Mans** : Reinette Anastagi het ingestem om kursusse in kookkuns vir mans aan te bied; sy sal konsentreer op disse wat vinnig en maklik voorberei kan word. As u belangstel, kontak asseblief Stefan op *info@u3astilbaai.org* sodat ons 'n idee van getalle kan kry.

Kontak ons gerus as u terugvoering het oor enige van ons kursusse, of voorstelle het vir nuwe kursusse wat ons kan aanbied. Epos: *info@u3astilbaai.org*.

TOEKOMSTIGE PRAATJIES ...

Ons het verskeie interessante sprekers en onderwerpe vir komende algemene vergaderings. Neem kennis dat die sprekers herrangskik is.

- 26 September 2016: Jan de Vynck*: Menslike gedragsekologie vergemaklik argeologiese interpretasie: studie voorbeelde van die suid-Kaap.*
- 31 Oktober 2016: Gill Simpson, Klipfontein Natuurreservaat: *Rehabilitering van wilde diere*.
- 28 November 2016: Dave Carter*: Fantastika Antarktika*.
- Desember/Januarie: Ons hoop om 'n interessante persoonlikheid te kry om ons oor die Kerseisoen toe te spreek. Hou hierdie spasie dop!

BESOEK ONS WEBTUISTE VIR MEER INLIGTING : WWW.U3ASTILBAAI.ORG